# GEMEENTEBRIEF JUNIE 2025

***Kan jy jou indink, of selfs onthou, dat daar 'n tyd in die kerk was, ook hier by ons gemeente, waar ons op die aand van 'n kerkraadsvergadering lede moes bel en pleit om tog asseblief die vergadering te kom bywoon, want ons is nie 'n kworum nie ... 'n kworum is die helfte plus een. Saam met die twee dominees, het die vergadering in daardie tyd uit 85 lede bestaan. Vergaderings het dan ook tot diep in die nag geduur. Tans is ons dertien lede, wat dalk weer bietjie min is, en duur ons vergaderings selde langer as twee ure ... en omtrent elke keer is almal teenwoordig. Wat 'n voorreg om deel van so 'n span te mag wees. Praat gerus met die Here oor die moontlikheid of Hy nie dalk vir jou roep vir hierdie dienswerk nie en kontak een van die dominees, of sommer enige ander kerkraadslid vir meer inligting.***

---

## GEMEENTEPROSES

Die gesprek oor die vorentoe pad van die gemeente, na aanleiding van Beweging 1, 2, 3 van die gemeenteproses, was baie opwindend. Met Eddie en Koos (Keyser) agter die stokke vir die opstel van 'n bedieningsplan, is daar baie energie vir die proses. Niks hiervan beteken egter dat iets afgejaag, of aangejaag sal word nie. Onderskeiding is hier die sleutelwoord – en onderskeiding neem normaalweg bietjie tyd. Die hoop is egter dat daar teen Oktober, wanneer Hendrik aftree, iets konkreet op die tafel sal wees.
Die eerste tree op pad na die kerkraadsvergadering van 7 Augustus 2025, is die ontwikkeling, of daarstel van 'n gaweontdekkings- & ontwikkelingstrategie. Hou gerus die pers dop vir meer inligting.

## NOG NUUS UIT DIE KERKRAADSVERGADERING

### ❖ Nuus uit die Diensgroep vir Musiek

Christa, ons huidige Musiekkoördineerder in die gemeente, bereik in Mei 2026 aftreeouderdom. Die kerkraad het besluit dat die pos van Musiekkoördineerder nie tot 'n einde kom met Christa se aftrede in 2026 nie. Met die oog op die vul van die vakature vind verdere gesprek in en met die gemeente plaas. Deel van die proses is 'n gemeentegesprek oor die rol van musiek in Windhoek-Oos, asook die pad vorentoe. Die gemeenteproses het die nodigheid van so 'n gesprek uitgewys.

### ❖ Ons verhouding met die NG Kerk in Namibië

Omdat daar nie eenstemmigheid in die kerkraad was oor die opsie om appèl aan te teken (of 'n klag in te dien) teen die afloop van die Namibiese Sinode nie, volstaan die kerkraad by die besluit om bloot voort te gaan soos normaalweg, totdat dit, indien wel, vir ons moeilik is om as gemeente te leef in gehoorsaamheid aan die roeping wat ons glo ons van die Here af ontvang het.
Eddie lig die vergadering in oor die besluit van die Sentraal-Ooste ring om deur middel van die konsulentgemeentes met Windhoek-Oos in gesprek te tree oor die vorentoe pad. Die kerkraad sien met verwagting uit na so 'n gesprek en wag vir verdere reëlings. Na aanleiding

van die inhoud en afloop van hierdie gesprek, onderneem die kerkraad om, ter verheldering, 'n duidelike getuienis voor te berei as antwoord op die gesprek.

## ❖ Vleisfees: 26 Julie 2025


Baie dankie vir 'n groot klomp reëlings wat al in plek is.  Ons het al vleis ontvang, sowel as kontantbydraes.  Oorweeg asseblief jou bydrae vir hierdie groot onderneming – hou ook die gemeentemedia dop.
Die leier van die Vleisfees, Wilhelm Pieters en sy gesin, verhuis eersdaags kus toe.  Saam met die res van die diensgroep sal hy steeds seker maak dat niks deurval nie.
Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die gesin te bedank vir hulle rol in die gemeente.  Dit was vir ons almal 'n voorreg om julle te ken – gelukkig is die kus darem nie te ver nie ...  Seën vir julle in hierdie nuwe seisoen.

Die bedoeling van die Gemeentebrief is om deursigtigheid tussen kerkraad en gemeente te bevorder. As daar vir jou enige iets onduidelik is, of as jy oor enigiets wonder, kontak asseblief een van die dominees, of enige kerkraadslid vir 'n koffie, en onthou tog, in Windhoek-Oos praat ons nie 'oor' mekaar nie, maar 'met' mekaar.

**As jy dalk 'n bietjie van 'n blaaskansie gedurende die skoolvakansie kan neem, geniet dit en ry asseblief veilig.**

Groete**.**






Ons gewoonte vir die maand